higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## SKEP VAN NUWE ONDERNEMINGS
## NKR VLAK 3

(3011033)

**27 November 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

NCV

Kopiereg voorbehou

**TYD: 3 UUR**
**PUNTE: 200**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

---

NCV

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1. Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n … funksie is verantwoordelik vir die beplanning, organisering, leiding en beheer van die elemente van werk.

A Administrasie
B Aankoop
C Algemene bestuurs
D Bemarkings

1.1.2 'n … is 'n persoon wat 'n belang in 'n besigheid en sy vermoë het om sy doelwitte te bereik.

A Aandeelhouer
B Werknemer
C Bestuurder
D Minderjarige

1.1.3 Die som van alle dinge wat gedoen moet word om die produkte wat jy maak of diens wat jy lewer, te produseer:

A Prosedures
B Bedryfstelsels
C Etiek
D Gedragskode

1.1.4 Die ... departement poog om 'n positiewe beeld vir die besigheid in die eksterne omgewing te skep.

A openbare betrekkinge
B verkryging
C personeel
D bemarking

1.1.5 Verskaffers van wie besighede koop en op 'n latere datum betaal, staan bekend as …

A debiteure.
B krediteure.
C bankiers.
D administrateurs.

NCV

1.1.6 Die ... departement hou toesig oor oordragte en bevorderings, dissipline en straf, leiding en motivering van werknemers.

A administrasie
B menslike hulpbronne
C finansies
D bemarking

1.1.7 Die mense wat moeilike besluite neem oor waar 'n organisasie werk en wat dit maak of doen, is ...

A besturende direkteurs.
B senior bestuurders.
C toesighouers.
D junior bestuur

1.1.8 Die ... is belanghebbendes wat gereelde betalings, kontinuïteit van besigheid en langtermynverhouding vir toekomstige sake vereis.

A verskaffers
B kliënte
C aandeelhouers
D finansiële instellings

1.1.9 Die ... lig werkgewers in hoe om werknemers billik te behandel en werknemers in te lig oor hul regte in die werkplek.

A Wet op Vaardigheidsontwikkeling
B Wet op Basiese Diensvoorwaardes
C Wet op Arbeidsverhoudinge
D Wet op Gelyke Indiensneming

1.1.10 'n … gee inligting oor posvereistes.

A Posprofiel
B Posontleding
C Posspesifikasie
D Poskwalifikasie

(10 × 2) **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

NSC

**AFDELING B**

# BOC FUND
# STUDENTS FINANCIAL ASSISTANCE




Penny, saam met 'n groep vroue wat uitvoerende hoofde en mediese dokters insluit, het die fonds begin met die naam 'Build Our Country'. Hierdie BOC-fonds sal na verwagting die regering se Nasionale Studente Finansiële Hulpskema aanvul. Dit is gestig as gevolg van die hoë gelde vir die bywoning van 'n universiteit, wat meer as R50 000 per akademiese jaar is.

Die fonds is daarop gemik om die pogings van die regering aan te vul om studente finansieel te help. Dit is bedoel vir verdienstelike studente wat andersins nie 'n instelling van hoër onderwys kan bywoon nie weens 'n gebrek aan fondse.

Die fonds ontvang ondersteuning van verskeie fondsinsamelingsinisiatiewe. Die openbare en private sektore borg die fonds. Die organisasie nooi Suid-Afrikaanse burgers om by te dra deur donasies van ten minste R15 te maak. Daar is vier gegradueerde bestuurders wat toegewy is om leerders te help met die finansiële aansoekproses van loopbaanvoorligting.

**VRAAG 2**

2.1 Gee VYF eksterne belanghebbendes van die BOC-fonds. (5)

2.2 Noem VYF kantoorvoorrade wat Penny in die BOC-fonds kan gebruik. (5)

2.3 Verduidelik die werk wat Penny aan die doeltreffendheid van BOC-fonds gedoen het. (4)

2.4 Bespreek DRIE rolle van die werkgewer in die werkplek volgens arbeidswetgewing. (6)

2.5 Bespreek hoe die aansoek-ondersoekende departement met finansiële ontvangerdepartement in wisselwerking tree. (8)

2.6 Verduidelik die betekenis van die woord doeltreffendheid aan Penny. (2)

**[30]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 3**

3.1 Wat is die BOC-fonds se kernbesigheid? (2)

3.2 Verduidelik DRIE faktore wat bydra tot goeie werksverhoudinge tussen interne belanghebbendes. (6)

3.3 Bespreek DRIE maniere waarop Penny die hulp van bemarkingsafdeling by BOC-fonds kan gebruik. (6)

3.4 Noem VIER etiese waardes wat Penny kan insluit by die ontwikkeling van 'n etiese kode. (4)

3.5 Verduidelik DRIE punte wat die ondoeltreffendheid van die aansoek-ondersoekende departement kan meebring wat ook 'n impak op die departement van finansies kan hê. (6)

3.6 Bespreek die belang dat die posbeskrywing in 'n nuwe onderneming in plek moet wees. (6) **[30]**

NCV

**VRAAG 4**

# MARIETJIE CARE CENTRE




Sulie se dogter, Marietjie, is gebore met serebrale verlamming. Sy het toe haar roeping nagevolg om gestremde kinders te versorg. Sy het 'n huisgebaseerde sorgsentrum gevestig wat nie net na haar kind sal omsien nie, maar ook na alle kinders met verskillende gestremdhede in haar gemeenskap. Sy het die sentrum na haar dogter vernoem en dit is by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling geregistreer. Sy bedryf haar besigheid by die huis.

Daar is vyftien geregistreerde kinders in die sentrum. Elke kind bring twee komberse en betaal 'n fooi van R500 per maand. Die plaaslike kliniek het Sulie twee studenteverpleegkundiges gegee, en sy het twee vrywilligers om na die kinders te kyk. Onder haar personeel is daar vier vroue, Rose en Tryphina wat vir die kinders kook en Noma en Nomsa wat die gebou skoonmaak. Sizwe is in diens as 'n nutsman in die sentrum. Hy is 'n tydelike werknemer en werk op Maandae en Donderdae.

Daar is 'n fisioterapeut en 'n dokter wat drie dae per week na die sentrum kom en die kinders ondersoek. Die sentrum kry donasies van hospitale, private en openbare sektore. Dit is vir Sulie 'n uitdaging omdat sommige ouers nie fooie betaal nie, alhoewel hulle ongeskiktheidstoelaes vir hul kinders ontvang.

4.1 Identifiseer TWEE interne belanghebbendes van die Marietjie Care Centre. (2)

4.2 Verduidelik kortliks die vereistes vir verskaffers as belanghebbendes in die daaglikse bestuur van die Marietjie Care Centre. (4)

4.3 Bespreek VIER hooffunksies van die Departement van Finansies met Sulie. (8)
(4 × 2)

4.4 Bespreek kortliks DRIE pligte van die nutsman by Marietjie Care Centre.
(3 × 2) (6)

4.5 Noem TWEE aspekte van gesondheids- en veiligheidsomgewing wat Sulie in haar besigheid in gedagte moet hou. (2 × 2) (4)

4.6 Dit is belangrik dat ouers maandeliks fooie betaal om kontanttekorte te vermy.

Verduidelik DRIE belangrike faktore aan Sulie om haar te help om slegte skulde in haar sentrum uit te skakel. (3 × 2) (6)

**[30]**

## VRAAG 5

5.1 Verduidelik DRIE verhoudings tussen werkgewer, werknemer en vakbonde. (3 × 2) (6)

5.2 Noem DRIE pligte waaraan Sulie vir Noma en Nomsa, die skoonmakers, moet herinner om daagliks te doen. (3 × 2) (6)

5.3 Sulie soek 'n geskikte plek om meer kinders te akkommodeer.

Noem TWEE punte om opsies vir die verhuring en aankoop van persele te vergelyk. (2 × 2) (4)

5.4 Sulie se personeel het 'n neiging om Maandae laat te kom.

Verduidelik aan haar DRIE doelstellings en doelwitte van 'n dissiplinêre beleid en prosedure binne 'n werkplek. (3 × 2) (6)

5.5 Identifiseer EEN plig as deel van die werk wat die fisioterapeut in die Marietjie Care Centre doen. (2)

5.6 Noem of die volgende persone ongeskoolde, semi-geskoold of geskoolde arbeiders is:

5.61 Fisioterapeut

5.6.2 Opsigter

5.6.3 Nutsman

5.3.4 Spraakterapeut

5.6.5 Huishoudster

5.6.6 Skoonmaker

(6 × 1) (6)

**[30]**

NCV

**VRAAG 6**

# SUPAKIDS



James bestuur 'n geleentheidsorganisasie-onderneming. Hy werk hard en doen baie moeite vir elke geleentheid wat hy organiseer, en hy maak seker dat daar aan alle kliënte se verwagtinge en behoeftes voldoen word. Hy bied bekostigbare oplossings vir die spesiale dae van die kliënt en waarborg 'n onvergeetlike ervaring vir almal.

Sy besigheidstyl is vars en modern met 'n effense outydse gevoel, maar hy sorg dat elke party wat hy in opdrag doen, uniek, gestileerd en fokus op die dinge wat jy liefhet. Hy spesialiseer in kinderpartytjies, 21ste verjaarsdagpartytjies, ooievaarstees, kombuistees, verlowingspartytjies en troues. Hy kan help en bied 'n volledige beplanningsdiens aan.

6.1 Verduidelik TWEE vereistes van die kliënte as eksterne belanghebbendes van Supakids. (2 × 2) (4)

6.2 Is Superkids 'n handels- of diensbedryf? Staaf jou antwoord. (2)

6.3 Noem SES departemente wat James in sy besigheid kan begin. (6)

6.4 Identifiseer Supakids se kernbesigheid. (2)

6.5 Noem DRIE kernbesigheidsaktiwiteite van Supakids. (6)

6.6 Verduidelik DRIE beplanningsprosesse wat Supakids moet hê wanneer 'n partytjie vir 'n 5-jarige seun of meisie georganiseer word. (6)

6.7 Stel TWEE maniere voor om wetgewende aangeleenthede met personeel te kommunikeer wat James in sy besigheid kan gebruik. (2 × 2) (4)

**[30]**

**VRAAG 7**

7.1 Noem DRIE verhoudings wat tussen interne belanghebbendes bestaan. (3 × 2) (6)

7.2 Verduidelik DRIE vaardighede wat nodig is om verhoudings tussen verskillende kernaktiwiteite te laat werk. (3 × 2) (6)

7.3 Noem DRIE maniere waarop departemente interaksie het. (3)

7.4 Noem VYF ondersteuningsfunksies wat James kan gebruik om sy besigheid glad te laat loop. (5)

7.5 Identifiseer DRIE kwessies wat as griewe in 'n organisasie beskou kan word. (3 × 2) (6)

7.6 Noem VIER kommunikasiemetodes wat jy kan voorstel Supakids moet gebruik word om kontak met kliënte en potensiële kliënte te hou. (4)

**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 180**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou